

Maandag

Heb. 2: 10,11,17,18; 10: 10 – 14; 12: 1 – 13. Teks: Heb. 12: 7 en 8. Tema: "God se straf en bestraffing gee ons die bewys van ons heiligheid vir Hom." Tug is 'n geloofsaak! Dit is die totale omwenteling wat Christus se offer vir ons sonde (Heb. 10: 12) bring in hoe God sy kinders stop om ons sondes te doen en ons oor ons sondes aanspreek. Die Here se tug is soos met 'n klein seuntjie wat sien die kratte wat op die werf rondlê lyk soos 'n berg, hý is die 'groot bergklimmer' wat hierdie groot uitdaging gaan aanpak en op die top van 'die berg' die held gaan wees. Dan kom ma terwyl hy met hierdie belangrike ekspedisie besig is en tel hom op en sê hy moet van die kratte afkom - hy gaan val, hy is stout om so op die kratte te loop, want dit is nie vir kinders om op te speel nie. Vir daardie seuntjie is die Heb. 12: 11 waar: "Op die oomblik lyk elke tugting wel nie of dit blydschap bring nie, maar droefheid." Hierdie optrede van ouers noem die Woord van die Here dit "tug". As hulle jou bergklimmer stop, vir jou sê die kratte is nie 'n berg nie en jy mag nie daarop speel asof dit jou bergavontuur is nie, dan tug hulle jou. Ons maak altyd die fout om te dink dat kleintjies dink jy straf hulle nou en jy moet nou mooi verduidelik dat dit nie 'n straf is nie, maar dat jy eintlik besig is om hulle te help! Dit is glad nie so nie! Hulle dink nie eers aan iets soos straf wanneer jy hulle avontuur vernietig nie. Hulle voel en dink jy gun hulle nie geluk nie omdat jy nie vir hulle lief is nie! Hulle is dadelik kwaad oor jou onregverdigheid om hul bergekspedisie van hulle te ontnem. Daarom is dit totaal onbelangrik of jy nou probeer 'n verskil tussen tug en straf aan hulle verduidelik - soos ons al gewoon geraak het om dit te probeer doen. Daarom maak Hebreërs 12 ook nie regtig 'n verskil tussen die woorde "tug", "bestraf" en "straf" nie. Al 3 hierdie woorde wys een en dieselfde ding: God keer ons in ons sonde en wys ons wat vir óns 'n 'bergavontuur' is, is gevaarlike opgestapelde kratte! Preek beskikbaar op Google by ngkerkle.vubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Heb. 2: 10,11,17,18; 10: 10 – 14; 12: 1 – 13. Teks Heb. 12: 7 en 8. Tema: 'God se straf en bestraffing gee ons die bewys van ons heiligheid vir Hom.' Tug of bestraffing is 'n geloofsaak! Dit sien ons wanneer ons ontdek dat die selfstandige naamwoord "bewys" in die sin in 11: 1, "die bewys" van die dinge wat ons nie sien nie", en die werkwoord "bestraf" in die sin "moenie moedeloos word wanneer jy deur God bestraf word nie", (Heb. 12: 5 Direkte Afr. Vertaling), is in Grieks presies dieselfde woord. Om 'n bewys te hê van wat jy glo en om bestraf te word, is een en dieselfde saak volgens die evangelie van Jesus Christus! Hoe so? God bestraf sy kinders sodat hulle weer 'n bewys kan hê van die dinge wat hulle nie kan sien nie, die dinge wat hulle as evangelie van Jesus Christus glo. (Heb. 11:1) Die volgende woord wat belangrik is om te verstaan in Hebreërs is die woord "straf". Hierdie woord beteken om 'n pakslae te gee, om iemand seer te maak. Dit kan op geen ander manier as om seer te maak, verstaan word nie. Hierdie woord is gebruik vir die pak slae waarvan Paulus praat in 2 Kor. 11: 24 "Vyf maal het ek van die Jode die gebruiklike straf van

nege en dertig houe gekry, drie maal het ek lyfstraf gekry.” Dit was wat ons vandag sal noem 'n pak slae met 'n rottang of 'n sambok. Wat hierdie woord nóg beteken is om innerlik swaar te laat kry, om te wroeg. Wroeg beteken om te wonder hoekom maak God my nou só seer. Straf is om deur die Here 'n pak slae te kry, seergemaak te word, sodat jy kan wonder oor dit waarmee jy besig is. Dit is weer soos daardie kleintjie op daardie kratte. Die ma vat hom aan die arm, tel hom van die kratte af en gee hom 'n raps met die plathand op die boud – want sy weet hy is besig met die avontuur om teen daardie 'hoë berg' uit te klim en sy gee hom pak sodat hy kan wonder of hy met sy bergklip ekspedisie besig is soos hý glo óf moet glo hy is besig om op gevaarlike kratte rond te klouter soos sý sê. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Heb. 2: 10,11,17,18; 10: 10 – 14; 12: 1 – 13. Teks Heb. 12: 7 en 8. Tema: "God se straf en bestraffing gee ons die bewys van ons heiligheid vir Hom." God straf en bestraf nét sy kinders - nie goddeloses nie. Hy doen dit op so 'n wyse dat Hy hulle stop en wys hul bergklimekspedisie is net 'n gevaarlike hoop kratte: "Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem." (Heb. 12: 6) Hierdie tipe staf en bestraffing noem die Bybel tug. Tug is bestraffing én tug is straf! Tug is nie iets anders as straf en bestraffing nie. Die kern van die woord wat in Afrikaans hier met "tug" vertaal word, beteken: om kind te wees. In Grieks is tug en kind in kern dieselfde woord! Daarom sal ons die woord tug in hierdie gedeelte goedsikks kan vertaal met "kinderleiding". Dan is dit amper dieselfde soos in Grieks: kind en kinderleiding, kind en tug! Daarom het die 1983 vertaling vers 7 só vertaal: "Verdra die tug as opvoeding!" Maar ons moet dit dan só hoor: Verdra die bestraffing en straf as tug, as kinderleiding! Die bestraffing en straf van 'n kind, is tug, kinderleiding! Tug en bestraffing of straf is nie twee verskillende sake nie. Tug is die bestraffing en straf van 'n kind! Daarom mag ons NIÉ vir onself hierdie onderskeid maak nie: "Ons tug net ons kinders, maar bestraf nie ons kinders nie." Die tugtiging van die Here ís om sy kinders te bestraf én te straf! Hoekom sukkel die hele wêreld vandag om hierdie waarheid oor God te kan aanvaar – tug is wanneer God sy kinders straf en bestraf? Antwoord: want hulle weet nie meer wat is die onsigbare dinge wat ons hoop nie. Tug, straf en bestraffing, is 'n geloofsaak: om weer 'n bewys vir die onsienlike te kan hê. Dit is omdat mense nie meer hierdie geloofsaak ken nie dat hulle nie meer God se straf en bestraffing as tug kan aanvaar nie. Hulle ken nie meer tug as die kinderleiding van God se aangenome kinders nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Heb. 2: 10,11,17,18; 10: 10 – 14; 12: 1 – 13. (Direkte Afrikaanse Vertaling) Teks Heb. 12: 7 en 8. Tema: "God se straf en bestraffing gee ons die bewys van ons heiligheid vir Hom." Die straf en bestraffing in tug is nie 'n betaling vir sonde nie en nie die regmaak van 'n verkeerde verhouding met God nie: "Hy tug ons ons tot ons beswil sodat ons deel kan kry aan sy heiligheid." (Heb. 12:10) Ons word getug om

deel te bly van ons volmaakte en volkome kindskap van die Here. Christus is vandag aan die regterhand van God die heilige mens wat ons insluit in sy heiligheid as mens. Daarom stel Hebreërs dat "Want sowel Hy wat heilig maak, as hulle wat geheilig word, is almal uit Een. (2:10) Dit is hoe Christus aan die regterhand van die Vader ons barmhartige Hoëpriester is. Hy was gehoorsaam aan God se wet maar het as sondaar gely onder die straf van die wet sodat Hy óns wat aan versoekings toegee kan help om vir God heilig te wees en heilig te bly. (Heb. 2: 17,18) Die wyse waarop die Here ons heilig maak, is om die volmaakte offer (dit is die betaling en die vergoeding vir ons sondes) te wees: "Volgens sy wil is ons heilig gemaak deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, eens en vir altyd." (Heb. 10:10) God straf en bestraf ons nie wanneer ons sondes doen omdat daar iets verkeerd is in ons verhouding met God of om vir ons sondes te betaal nie. God maak en hou ons band met hom volkome en volmaak – eens en vir altyd deur sy offer. God straf en bestraf ons vir sondes, sodat ons die onsienlike sal kan sien en weer 'n bewys van die onsienlike dinge kan kry! En die onsienlike dinge waarvoor ons deur straf en bestraffing 'n bewys kry, is dat Hy ons barmhartige Hoëpriester is wat met tug vir ons 'n bewys gee dat ons volkome en volmaak in sy liefde is. Hy behandel ons as sy volmaakte en volkome kinders! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Heb. 2: 10,11,17,18; 10: 10 – 14; 12: 1 – 13. (Direkte Afrikaanse Vertaling) Teks Heb. 12: 7 en 8. Tema: "God se straf en bestraffing gee ons die bewys van ons heiligheid vir Hom." Die Here tug ons nie om gelukkig daaroor te voel of dit te verstaan nie, maar om daardeur vir jou die vrug van geregtigheid in jou lewe te bring: die vrug van 'n lewe wat vir God reg en goed is, omdat Christus vir jou deur sy offer vir God reg en heilig maak. Hoofstuk 11 wys dat hierdie vrug is om besig te kan wees met dit waarvoor God jou bestem en gemaak het. Wat gebeur met 'n kleintjie wat 'n ma van die kratte af haal en bestraf? Hy kry nie seer nie en kan more gaan bulletjie rugby gaan speel, sonder enige beserings! Hy kan gaan doen wat klein seuntjies voor gemaak is, bulletjie rugby en nie om kratte uit te klim as 'n avontuur nie. Tug eis onderwerping. Ons moet ons daaraan onderwerp! Uit respek vir ons geestelike Vader onderwerp ons aan sy straf en bestraffing vir ons sondes! (Heb. 12:9) Wat is hierdie onderwerping? Onderwerping is nie gedienslike en gedweë insiklikheid omdat jy magteloos is om iets daarteen te kan doen nie. Dit is hoe goddeloses hulle aan straf en bestraffing onderwerp: hulle gee hulle self oor aan die mag van God dat Hy nou maar met hulle kan doen wat Hy wil omdat Hy so groot en magtig is. Onderwerping vir gelowiges is om God se tug, sy straf en bestraffing van sonde, te aanvaar as bewys van die onsienlike dinge! Om sy tug te aanvaar as bewys daarvan dat ek vir Hom heilig en volkome is, Hy my barmhartige Hoëpriester is wat die enigste offer, eens en vir altyd vir my sondes was en te glo dat Hy my beskerm en behou vir my roeping en diens... terwyl ek ongelukkig voel en nie verstaan hoekom Hy my avontuur as sonde bestraf en straf nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus